RAADSBELEID

ONDERWERP : INDIENSNEMING VAN STUDENTE EN LEERDERS

VERWYSING : 4.3.1.1

BESLUIT NR : 21.1/04/2003 DATUM : 29 April 2003

BELEIDSOOGMERK : Om die indiensneming van studente en leerders te reguleer.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Om, as deel van die Raad se gemeenskapsverpligtinge studente en leerders in die werksaamhede van Plaaslike Owerhede te bemagtig

RIGLYNE
1. Indien daar gedurende vakansietyd voldoende noodsaaklike werk bestaan, daar van die dienste van studente/leerders gebruik gemaak word.

2. Elke Direkteur/Afdelingshoof moet jaarliks vir ‘n bedrag op die salarisbegroting vir indiensneming van studente/leerders, indien nodig, voorsiening maak.

3. Vergoeding sal geskied teen die tarief soos jaarliks deur die Raad bepaal.

4. Vir aanstellings waar daar meer as een aansoek is, word deur die betrokke Direkteur/Afdelingshoof en die Hoof Menslike Hulpbronne en die Senior Personeelbeampte, gemoeid met werwing en keuring, behartig.

5. Alle tydelike aanstellings op hierdie vlak sal aan ‘n tydelike dienskontrak gekoppel word.

6. Studente/leerders wat aan die Raad se Desembervakansieprogram deelneem word van die besluit, uitgesluit.

PROSEDURE
1. Aansoeke van studente en leerders word deur die Subdirektoraat Menslike Hulpbronne ontvang.

2. Aansoeke vir vakansiewerk/opleiding word op ‘n merietebasis deur die betrokke Direkteur, in oorleg met die Hoof Menslike Hulpbronne oorweeg, alvorens enige aanstelling gemaak word (met ander woorde, geen student sal betaling ontvang indien hierdie prosedure nie gevolg is nie).

ROLLE
Direkteure en die Subdirektoraat Menslike Hulpbronne.

VERWANTE BELEID
Geen.

HERROEPINGS/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband, herroep word.